

**Dinsdag 10 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 1:22-23**

**Die teken word waar, Immanuel word gebore!**

**H**oe ver voel die Here nie soms van ons nie? As die spotters lag, die beproewings druk, siekte toeslaan of die lewensgolwe oor ons slaan, voel ons dikwels so eensaam. Hoekom voel ons alleen? Weens die ontsaglike groot kloof wat ons self met die sondeval tussen ons en God gebring het.

En tog hoor die Here sy volk se geroep en soek Hy ons in sy genade op. Keer op keer help Hy sy volk en verseker Hy ons van sy troue hulp. Maar steeds bly ons twyfel. Daarom gee die Here aan koning Asaf in sy vrees die teken: “Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en hom Immanuel noem” (Jes. 7:14).

Hoe wonderlik word hierdie belofte dan in Matteus 1 vervul. Maria, ’n maagd, word swanger. Sy bring ’n Seun in die wêreld en noem Hom Immanuel. God se belofte word waar! Jesus is God wat mens geword het. Wat na die mens toe kom en by ons kom woon! Wat ons van ons sondes kom verlos, sodat ons nou teen die sonde kan stry en ewige gemeenskap met God kan hê!

Wat ’n troos bring Christus se koms nie! God het by ons kom woon, Immanuel. En na sy belofte in Matteus 28:20 sal Hy nooit weer van ons af weggaan nie. Deur sy Gees sal Hy tot die voleinding van die wêreld met ons wees. Daar waar ons woon en werk, daar waar ons worstel en woel, daar waar ons feesvier en lag, daar is Hy met ons. Elke oomblik van elke dag kan ons nou met God en vir God leef.

So woon en werk ons in afwagting op die heerlike dag wanneer ons sal hoor: “Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God” (Op. 21:3).

*Sing: Psalm 71-1: 1, 8, 14*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*